



SUPER-GEHEIME VAN RUSSE AAN KUS

Verlede maand het die Russe twee Sweedse vliegtuie oor die Oossee afgeskiet, en die protesnotas in verband daarmee het nog geen opheldering gebring nie. Intelligence Digest meen egter dat hy die verklaring vir hierdie Russiese aggressiewe daad te wete gekom het. Dit staan in verband met super-geheime konstruksies van die Sowjet in die Oossee-gebied.

Die blad wys daarop dat toe 'n Amerikaanse vliegtuig in April 1950 in dieselfde omgewing afgeskiet is, dit gedoen is omdat die Russe groot proefvelde vir beheerde projekte aan die Estlandse en Letlandse kus gehad het onder toesig van Russiese en Duitse wetenskaplikes. Hierdie proef-installasies is gedurende die afgelope twaalf maande verwyder onder meer na 'n plekkie in Siberië met die naam Popigai. Hulle is vervang deur groot ultra-geheime installasies wat die voorkoms het van geweldige lanseertoe-stelle wat in verband staan met elektriese inrigtings wat heel-

temal verskillend is van enigiets tot dusver bekend.

Die lanseertoe-stelle, wat byna voltooi is, is aan weerskante van die Estlandse en Letlandse kuste en op twee eilande digby. Hulle skyn te behoort tot die hoogste geheime van Rusland en word met buitengewone voorsorg bewaak. Vegetevliegtuie patrolleer die omgewing dag en nag, terwyl die beste radar-net waaroor die Russe beskik, daar opgestel is.

Dit is die rede waarom die twee Sweedse vliegtuie afgeskiet is. Hulle het onwetend dit te naby aan die geheime gewaag.

Omwentelinge Beroer Midde-Ooste

Twee belangrike gebeurtenisse het die politieke waters van die Midde-Ooste die afgelope week in beroering gebring.

In Persië het 'n spontane volksofstand gevolg op die af-danking van dr. Mossadeq as eerste minister. Die nuwe eerste minister, Ghavam Es-Sultaneh, kon die onluste nie onderdruk nie en het gevlug nadat hy sy bedanking by die Sjah (wie se troon self aan wankel is) ingedien het. Mossadeq, wat die stryd teen Brittanje se olie-

monopolie gevoer het, is weer eerste minister.

In Egipte is koning Feroek deur 'n staatsgreep van die leër onder leiding van veldmaarskalk Nohammed Naghib gedwing om te abdikeer en 'n onafhanklike politikus, Ali Maher Pasja is versoek om 'n regering saam te stel wat gemik sal wees teen alle korrupte elemente in die staat en die leër.

Feroek, wat in die buitewêreld hoofsaaklik bekend was vanweë sy nagklublewe, het oor geen maatskaplike gevoel beskik nie en was uiters traag om noodsaaklike hervormings toe te pas of toe te laat. Egipte het gevolglik in steeds groter mate die slagoffer van korrupte elemente geword en toe 'n voormalige eerste minister, Hilali Pasja, 'n eerlike poging aangewend het om hierdie elemente op hul plek te sit, is hy gedwing om te bedank toe hy te naby aan Paleis-kringe gekom het.

Die nuwe eerste minister is sterk anti-Brits — hy was tydens die oorlog geïnterneer — maar veldm. Naghib is, na berig word, die Britte nie sleg gesind nie.

Baie Immigrante vir Australië

Volgens die Australiese minister van immigrasie sal daar aan die einde van die jaar 700,000 nuwe nedersetters in Australië wees. Die land het gemiddeld ongeveer 160,000 immigrante per jaar die afgelope tyd opgeneem, maar ten einde hierdie groot getalle eers te kan „verteenwoordig“ sal daar aanstaande jaar net 80,000 toegelaat word.

NUWE AFRIKA KAN TOT STAND KOM OP BASIS VAN GEHELE APARTHEID

'n Beleid van algehele of territoriale apartheid is prakties; dis die enigste beleid wat as regverdig beskou kan word, en kan toegepas word sonder dat dit onoorkomelike ekonomiese vraagstukke skep. So lui die slotsom waartoe Sabra in sy uitstekende brosjure „Integration or Separate Development“ kom nadat hy die verskillende besware wat teen hierdie beleid geopper word, afgehandel het. Die brosjure verklaar dat die naturrellegebiede in ses of meer groter eenhede opgedeel moet word met uitwysing ook van alle wit kolle. Die ekonomiese ontwikkeling van hierdie gebiede is voorvereiste vir 'n beleid van apartheid, veral wat betref die oprigting van nywerhede, wat deur middel van 'n ontwikkelingskorporasie onder leiding van die staat moet geskied.

So 'n beleid beteken nie dat alle naturrel plotseling en op groot skaal uit die blanke gebiede verwyder sal word nie. Die doel kan bereik word deur naturrel wat tans in blanke nywerhede werk, daar te hou en hul kinders nadat hulle vol-groei is, na die Bantoe-gebiede te verplaas, terwyl terselfdertyd gepoog moet word om steeds meer gevestigde Bantoes uit die blanke gebiede oor 'n aansienlike tydperk te verskuif. As dit nie gedoen word nie, sal hierdie permanente Bantoe-inwoners mettertyd meer voorregte op politieke gebied moet ontvang.

Wat die arbeidsvraagstuk betref, is dit SABRA se oorwoë mening dat dit wenslik is dat die blanke gemeenskap op sy eie arbeidskragte moet staat maak in plaas van so 'n belangrike deel van sy nasionale lewe in die hande van 'n vreemde ras te laat.

ARBEID

Dit is wel duidelik dat Bantoe-arbeid tans noodsaaklik is vir die land se ekonomie en dat dit vir geruime tyd nog so sal bly, maar met die vermeerdering van die blanke bevolking en deur groter meganisering, doeltreffendheid en samewerking kan blankes in toenemende mate Bantoe-arbeiders vervang, mits dit gepaard gaan met beplanning en koördinasie, en dit wel die begeerte van die blankes is om dit te doen. In sover Bantoe-arbeid wel nog noodsaaklik is, moet dit van migre-rende aard wees. Bantoe-werkers se permanente tuistes moet die Bantoe-gebiede wees waar hulle dan ook deel sal vorm van die politieke en maatskaplike struktuur. In die blanke gebied sal hulle bloot as arbeiders behandel word.

OFFERS NIE GROTER

Met verwysing na die offers wat van blankes geverg sal word ter uitvoering van 'n beleid van algehele apartheid, verklaar SABRA dat dit onlogies en vals is om aan te neem dat 'n beleid van integrasie die blanke geldelike offers sal spaar. „Daar word vergeet dat die integrasiebeleid die blanke belastingbetaler dwing om deur middel van regstreekse en onregstreekse belasting te betaal vir die verskillende dienste wat aan die Bantoe gelewer word of gaan word. Byvoorbeeld, die huidige uitgawe aan naturrel-onderwys (met inbegrip van skoolvoeding) beloop reeds nagenoeg £7,000,000. Hierby moet gevoeg word die betreklik hoë bedrae wat deur die staat en plaaslike besture betaal word vir maatskaplike dienste soos pensioene, toelae, mediese en hospitaaldienste en vir die behuising van Bantoes. Daar bestaan geen twyfel nie dat indien die Bantoe-bevolking by die blanke samelewing ingeskaal word, die eise vir soortgelyke dienste en geriewe wat die blankes geniet, in groeiende mate sal toeneem, en aangesien die blanke die voog van die naturrel is en verantwoordelik is vir die landshesuur, sal dit aan die blanke gerig word,

GROOT LAS

„'n Beleid van integrasie sal dus meebring dat die geringe getal blanke belastingbetalers die las sal moet dra nie net van die minderbevoorregte blankes nie, maar ook van die miljoene betreklik arm en behoeftige Bantoes.“

Die integrasiebeleid vernietig ook die organiese eenheid van die Bantoe, waardeur die gevoel van groepsverantwoordelikheid verlore gaan. Die Bantoes kan dan nie verantwoordelik gehou word vir hul eie wel-syn nie, en hulle sal nie tevrede wees dat net vir blanke behoeftiges gesorg word nie.

Slegs 'n beleid van apartheid wat die organiese eenheid van die Bantoe-gemeenskappe as grondslag erken kan toestande skep waaronder die Bantoe die snelheid van sy eie ontwikkeling kan bepaal en die blanke gemeenskap sal vrywaar teen aanhoudende beskuldigings van diskriminasie.

VREES

Die industrialisering van die Bantoe-gebiede moet onder staatsleiding geskied deur middel van 'n ontwikkelingskorporasie wat kan sorg vir die nodige koördinasie tussen die blanke en Bantoe-gebiede. Met die oog op 170,000,000 inboorlinge in Afrika, behoort daar 'n groot mark te wees vir ons produkte en die ontwikkeling van die Bantoe-gebiede behoort te help om Suid-Afrika 'n leidende ekonomiese posisie in Afrika te verower.

In sy behandeling van die politieke aspek van Bantoe-state gee SABRA aandag aan die beswaar dat hierdie gebiede uiteindelik volledige selfstandigheid mag verwerf en 'n militêre gevaar vir die blanke staat mag inhou. Die antwoord hierop is dat wat die blanke ook al doen, die Bantoe sal die geleentheid vir politieke ontwikkeling gegun moet word. Konstitusionele ontwikkelings vind oral in Afrika plaas, en dis ondenkbaar dat die Bantoes van die Unie nie daardeur beïnvloed sal word nie. Die vraag is net of so 'n politieke ontwikkeling

binne die blanke staat moet plaasvind of daarbuite in eie gebiede.

ENIGSTE ALTERNATIEF

Die toekenning van politieke regte aan die Bantoe — regte wat aan hul politieke strewe sal bevredig — is heeltemal onmoontlik binne 'n gemengde gemeenskap, aangesien so 'n stap die huidige posisie van die blanke en sy voortbestaan sal bedreig. Indien hierdie gevaar afgewend moet word sonder dat die blankes terselfdertyd hul gewete en sedelike standaarde verkrag, dan is 'n beleid van aparte ontwikkeling die enigste alternatief.

'n Integrasiebeleid wat nie die Bantoe se politieke strewe bevredig nie, kan slegs tot toenemende wrywing lei, en dan wel binne 'n gemeenskap waar die vyandiggesinde minderheids-groep die blankes in getalle oortref. Dit kan uitloop op revolusie en chaos. Teenoor hierdie moontlikhede skyn 'n beleid van aparte ontwikkeling 'n veel geringer gevaar te wees.

VERLIGTING SAL RUS SKEP

Die verhouding tussen die twee rasse behoort ook grootliks te verbeter wanneer hulle apart ontwikkel en mag tot duursame vriendskaplike betrekkinge lei. „Die gevoel van verligting wat deur albei groepe ondervind word — die een omdat hy nie bang hoef te wees vir sy toekoms of versaking van sy beginsels nie, en die ander omdat daar geen beperkinge meer op sy geleenthede en ontwikkeling sal wees nie — moet uitloop op 'n gees van weder-sydse vertroue en welwillendheid.“

Die blankes sal egter nog vir 'n lang tyd 'n mate van beheer behou oor die Bantoe-gebiede. Verder is dit ook onwaarskynlik dat 'n groot Bantoe-gebied tot stand sal kom, maar eerder 'n aantal kleiner gebiede ooreenkomstig die beginsel van nasionale groepering.

FEDERASIE

Wat die verband tussen die verskillende gebiede uiteindelik (Vervolg op bladsy 4 kolom 3)

NUWE HOF HOOR EEN KANT VAN SAAK

Die geregtelike komitee van die Hoë Hof van die Parlement — die nuwe hoogste hof van appèl wat die regering tydens die jongste parlamentsitting in die lewe geroep het — het verlede week die aansoek van die eerste minister in verband met die Appèlhof-uitspraak oor die stemreg-wetgewing ondersoek. Die V.P.-lede wat op die komitee benoem is, het die verrigtinge geboikot sodat slegs lede van die regeringsparty teenwoordig was. Ook net die advokaat wat die regering verteenwoordig, het voor die hof verskyn om sy kant van die saak te stel.

Die bevinding van die komitee word eers oor 'n paar weke ver-wag.

Beroepspolitici In Brittanje Kry Geen Salarisverhoging

Winston Churchill het verlede week 'n versoek van 'n aantal parlamentslede wat beroepspolitici is en dus aandrang op 'n verhoging van salaris, van die hand gewys.

Dit stem ooreen met die houding wat hy openbaar het toe hy die premierskap verlede jaar aanvaar het. Een van sy eerste stappe was om sy eie salaris met £3,000 te verminder, en dié van die kabinetsministers met £1,000. Hierdeur het Churchill die weg vir hom oopgemaak om opofferings van sy volk te vra. Die Britse parlamentslede ontvang £1,000 per jaar — dieselfde toelaag as wat Unie-parlamentslede tot verlede jaar ontvang het toe dit met een

teenstem — dié van mnr. Sam Kahn — verhoog is tot £1,400. Suid-Afrikaanse ministers ontvang dieselfde salaris as hul Britse kollegas, nl. £4,000.

Die vergelyking is nie baie vleidend vir die Suid-Afrikaanse wetgewers nie, want die Britse regering vergader sy inkomste uit 'n bevolking van 52 miljoen, terwyl die Unie se uitgawes hoofsaaklik gedek moet word deur 'n blanke bevolking van 2½ miljoen.

DIE O.B., WOENSDAG, 30 JULIE 1952

EERS DIE REPUBLIEK

In ons vorige uitgawe het ons verwys na die struikelblokke wat in die weg van republikeine vandag lê. Ons het beklemtoon dat die tyd teen ons skyn te wees omdat die industriële ontwikkeling van ons land besig is om 'n nuwe tipe Afrikaner te voorskyn te roep wat in die tradisie van die Britse arbeiderklas groot word en meer bekommerd sal wees oor sy daaglikse brood as die ideale van sy voorgeslag. Ons het ook aangetoon hoe die opkomende jeug vandag onder die Nasionale bewind versoend raak met die Britse Empire se nuwe begrip van 'n Statebond waaruit die woord „Brits” doelbewus weggelaat word.

Waar die jeug van die onmiddellike verlede gewoon was om afkeurende berigte in hul pers te lees aangaande Sappinisters wat Suid-Afrika in Londen aan Britse politieke, militêre en ekonomiese belange koppel, lees hulle nou instemmende berigte omtrent Nasionale ministers en amptenare wat gemeenskaplike belange met Brittanje en die res van die Empire bevorder, en word hulle selfs opgeroep om ekonomiese offers te bring vir Brittanje se behoud. Hulle staan dus heeltemal anders ingestel teenoor die Empire as die huidige volwasse geslag wat hierdie dinge minstens met 'n gemengde gevoel gadeslaan of met 'n protes in die binneste ondersteun.

WAG-N-BIETJIES

Ons weet dat daar binne die Nasionale Party 'n groot en sterk bewuste groep republikeine is wat net so bekommerd oor die toestand is, maar wat meen dat ons terwille van ander oorwegings — waarvan die „blanke voortbestaan” die vernaamste is — die party eers 'n kans moet gee, en dit vir hom nie te moeilik moet maak nie. Terwyl ons alle simpatie vir hul standpunt het, wil ons tog aan hierdie mense die vraag ter oorweging gee of die kar nie voor die perde gespan word nie. Want wat is die feite vandag? Die Nasionale Party se beleid van apartheid geniet in beginsel die steun van duisende Engelssprekendes, maar in praktyk stem daardie mense teen die party omdat hulle die opposisie-skrikaanjaging van „nazisme,” republikaanisme, „anti-Britsheid,” ens. ens., as waarheid aanvaar en dit by hulle veel swaarder weeg as die een gemeenskaplike beginsel oor kleur. Net so sal hierdie mense deur middel van die partydissipline later 'n Verenigde Partybewind steun wanneer hy die Nasionale Partywetgewing herroep of verwater.

Republikaanisme sal altyd met welslae as 'n paaiboelie oor die Engelse se koppe geswaai word selfs deur 'n party wat uit en uit die teenvoeter van die Nasionale Party se kleurbeleid is. Vir die oningewyde Engelssprekende is 'n republiek 'n onberekenbare verskrikking wat in een lyn gestel word met Engelse uitwissing, Afrikaner-diktatuur, isolasie, en alle ander begrippe wat teen die Engelsman se gevoel van selfbehoud aankras. Solank republikaanisme dus 'n onuitgemaakte saak is, sal die Nasionale Party se kleurwetgewing in die weegskaal bly omdat dit nie die ondersteuning verkry waarop dit logies aanspraak kan maak nie.

VREES SAL VERDWYN VOOR WERKLIKHEID

Maar as ons eers die republiek bring voor ons alle ander vraagstukke probeer oplos, en as daardie republiek in die regte gesindheid en met die regte hervormde staatstelsel tot stand gebring en met die vereiste mate van grootmoedigheid in werking gestel word, sal die verskrikking vir die Engelssprekendes verdwyn. Dr. Malan het self by geleentheid beklemtoon dat die Engelssprekendes elke nasionale stap in die verlede beveg het, maar daarna elke sodanige stap aanvaar het. Ons kan maar net dink aan die vlagstryd. As ons nog geen vlag gehad het nie, sou ons môre dieselfde stryd as in 1927 moes stry indien die Nasionale Party wetgewing daarvoor sou indien. Dit is sielkundig waar dat mense hulle aanpas en daardie aanpassing is soveel geredeliker wanneer die vooroordele ongegrond blyk te wees. Daarom hoef ons nie te vrees dat die meerderheid Engelssprekendes heel spoedig in 'n republiek sal berus, veral as die seëninge daarvan op aanskoulike wyse tot hulle deurdring nie.

En daarmee sal die teenstanders van die apartheidbeleid en nasionalisme se groot paaiboelie verdwyn en sal hulle op verdienste van beleid moet veg.

Maar dan moet daar nou gebruik gemaak word van die republikeinse stemmekrag wat nog daar is. Die tienduizende Afrikaanse kiesers wat al onverskillig teenoor die republiek staan, maar darem nog nie aktief daarteen gekant nie, moet nou ingespan word terwyl hulle nog by ons is. Môre-oormôre mag hulle om die brood ontwil in 'n ander party wees.

Indien republikeine binne die Nasionale Party van dieselfde oortuiging is, sal hul eerste stap moet wees om te verhoed dat hul partyleiding soos in die verlede byvoorbait en uitdruklik die republiek as verkiesingspunt skrap.

Van die Os op die Esel

Oom Paul se

Skoenriempies

Die sterfdag van wyle staatspresident Paul Kruger is 14 Julie. Vanjaar was die dag 'n openbare vakansiedag — nie om die nagedagtenis van Paul Kruger te vereer nie, maar omdat die koninkingsverjaardag op die dag in ons land gevier is!

Na aanleiding hiervan het oom Pieter Brink van Stellenbosch aan my geskryf om herinneringe uit sy kinderdae te vertel. Hy doen dit as 'n beskeie huldeblyk aan die nagedagtenis van die onvergeetlike Oom Paul. Oom Pieter Brink skryf:

„Ek het my kinderdae op Rustenburg in die Transvaal deurbring in die dae toe oom Paul Kruger staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek was. Daar het ek vir die eerste keer skool toe gegaan, en daar het ek ook, as kind van omtrent tien jaar oud, oorlede Oom Paul se skoenriempies soggens vir hom vasmag maak wanneer hy by ons in die huis tuis was as hy Rustenburg 'n besoek gebring het. My vader, Daniël Brink, was die jongste broer van my oom Jan Brink wat destyds landdros was.

Moenie Partye help stig nie

„Saam met my maats, was ek ook somtyds lyfwag vir Oom Paul gewees, as sy eie lyfwag in die dorp was of miskien na plase toe uitgeneem was. En by hierdie geleentheid het Oom Paul dikwels met ons jong seuns oor ons land en ons volk gesels. Hy het gesê as ons eendag groot is en burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek is dan moet ons altyd sorg om nooit die volk te laat verdeel nie. Oom Paul het gesê ons moet nooit help om partye te stig nie want dit breek 'n volk se krag. Dan sal daar altyd rusie wees, want die een party sal rusie maak met die ander party totdat selfs broers vir mekaar kwaad sal wees. Ons Republiek sal nie kan bestaan wanneer die volk verdeel is nie, het Oom Paul gesê, want net eendrag maak mag.

„Op Oom Paul se verjaardag het ons skool gesluit en het ons kinders saam met die burgers sports gehou. Daar het ek geleer skyfskiet. Ons kleiner kinders kon eers dooierus skiet, maar hoe ouer ons geword het hoe meer moes ons op ons eie pote staan, totdat ons naderhand moes staan en skiet.

„Met Jameson se inval in Transvaal het ons nog in Rustenburg gewoon. Rustenburg se kommando het hom by 'n spruit gaan voorkeer — hy was glo op pad na Krugersdorp. Die kommando het posisie ingeneem op 'n bultjie en toe Jameson en sy manne deur die spruit kom het daar 'n geveg plaasgevind. Daar is Jameson ook gevang. Ek weet nie meer presies hoeveel van Jameson se manne daar geval het nie. Ek weet darem dat dit meer as 'n honderd was. Net een Rustenburgse burger het geval. Hy was ene McDonald.

Uitlandse Verdeelmetode

„Afrikaners, weet julle vandaan die partystelsel kom? Dit kom uit Engeland. Dit is 'n deel van hulle imperiale politiek van verdeel en heers. Die partystelsel is die kruit wat hulle gebruik om 'n volk uitmekaar te blaas. Dit is 'n uitlandse metode om ons volk te verdeel en te verbroekel en te verswak om die oorhand oor

Deur Sybrand

ons te kry. En dit is die rede waarom Oom Paul teen die partystelsel was en waarom hy ons, as kinders, so ernstig daarteen gewaarsku het.

„En nou sê ek aan almal wat graag gebruik maak van Oom Paul se naam as 'n groot en waaragtige Afrikaner, dat die Ossewabrandwag Oom Paul se nagedagtenis vereer deur ag te slaan op sy woorde; en deur die volk te leer om niks te doen te hê met partye nie.

„Selfs al sal ons 'n Republiek verkry deur middel van die partystelsel sal dit nooit stand hou nie, want die Republiek sal net staande bly as die volk hom uitroep en nie as 'n party hom uitroep nie.

Eerstehandse Getuienis

„Afrikaners, ek glo dat die Ossewabrandwag deur God beskik is om die volk weer terug te bring na die beginsels van sy voorvaders.

„Aan diegene wat die partystelsel of 'n politieke party voorstaan en terselfdertyd Oom Paul se naam gebruik wil ek sê: Julle moet maar liever stilbly, want julle praat net woorde wat nooit daad kan word nie. Die Ossewabrandwag kan Republiek sê en Oom Paul se naam noem. Dit is die organisasie se voorreg, want hy lei die volk op die regte pad.”

Baie dankie vir u brief, oom Pieter. Ek is baie bly dat u eerstehandse getuienis gelewer het van Oom Paul Kruger se afkeer aan die partystelsel. Deur sy waarskuwing teen partye te herhaal, het u ook 'n waarskuwing aan die volk gerig. Ten slotte het u 'n baie mooi getuiskrif aan die Ossewabrandwag gegee. Ek waardeer dit.

Die Elfde Plag

Daar is twee manne — historiese figure wat deur die Afrikanervolk baie hoog geskat word. Die een is Paul Kruger en die ander is Barry Hertzog. Albei het hulle volk ernstig teen die partystelsel gewaarsku. Is dit nie betekenisvol nie?

Boonop hierdie waarskuwings ervaar die volk elke dag die hopelose onbevoegdheid van die partypolitici om die land doeltreffend te regeer. Is dit ook nie betekenisvol nie?

Elke opposisieparty vertel gereeld aan die kiesers wat 'n vreeslike goeie regeringsparty hy sal wees. Sodra hy egter regeringsparty word stel hy die kiesers so teleur dat hulle hom noodgedwonge na meistens tien jaar weer uitwerp. Dit gebeur nou al in ons land vir die afgelope halwe eeu. Is dit dan ook nie betekenisvol nie?

Ja, dit is betekenisvol. Natuurlik is dit. En dit beteken maar net dat die volk asseblief ontslae moet raak van politieke partye. Dit is die elfde plaag. Maar waarom raak die volk dan nie ontslae van politieke partye nie? Ek sal sê wat ek dink:

„Invloedryke” Kripstaners

Eerstens, die gevestigde partybelange wat rondom 'n politieke party opgebou word veroorsaak dat so baie persone van die party afhanklik is vir 'n setel, of 'n baantjie of 'n ere-posisie dat daar talle mense is wat eerder hul Bybel sal opskeur as om hul politieke party tot niet te maak.

Tweedens, dit is hierdie kripstaners van die party wat deur die party se koerante opgebou word as die „invloedryke” mense in die land, wat 'n groot deel van die volk mislei om partye aan te hang.

Hierdie misleiding neem nogal somtyds eienaardige vorms aan. Ek weet bv. van mense wat bitterlik teen die partystelsel gekant is en wie se verset teen partye gebreek word met die argument: Ons sluit maar by die party aan, dan maak ons hom van binne reg. Dit is natuurlik 'n stukkie verregaande misleiding want diegene wat teen die partystelsel is wil nie 'n party „regmaak” nie; hulle wil hom vernietig.

Derdens, baie dikwels vleg die gevestigde partybelange en die gevestigde kapitaalbelange in mekaar en dan word die aantal belanghebbendes by 'n party oneindig groot. En daarom veg nie alleen partykoerante vir die behoud van partye nie, maar ook kapitalistiese koerante.

Kokers van Eie-belang

In kort, ek glo dat partye bly bestaan omdat hulle kokers van eie-belang is.

Dit gaan moeilik om partye afgeskaf te kry omdat die afskaffers hulle eie-belang stel aan hulle volksbelang. En dit wil baie mense nie doen nie. Wanneer ons volk sover kom om partye af te skaf sal dit nie net 'n politieke omwenteling beteken nie, maar beslis ook 'n sedelike omwenteling.

Nie-Blankes in Skole

In Kaapland is daar vanjaar 303,064 naturelle, 174,499 Kleurlinge en 174,499 blanke kinders in die skool. In 1925 was die blanke skoolkinders nog in die meerderheid met 'n totaal van 135,955 teenoor 52,634 Kleurlinge en 121,661 naturelle.

FONDSDAG-INSAMELING

Die WELLINGTON-KOMMANDO hou 'n

BRAAIVLEISFUNKSIE

op VRYDAG, 15 AUGUSTUS vanaf 6 nm.

op die plaas HOUTBAAI, van Komdt. C. P. J. du Toit.

Lede van omliggende Kommando's word hartlik uitgenooi.

Gee asseblief vooraf kennis dat u kom aan die kommandant (Foon 6811, Wellington).

NASIONALISME IS PLIG VAN ELKE VOLK

Die hoofjoernalis van dr. Adenauer, Ernst Friedlaender, het in die Hamburger Abendblatt van 14/15 Junie 'n artikel laat verskyn waarin hy die grondvraagstuk nie net van Duitsland nie, maar van die hedendaagse politieke denke behandel, en dit wel vals behandel. Hy verklaar: „Hy wat op die vraag wat sy houding teenoor nasionalisme is, antwoord: „Ek is geen nasionalis nie,” is nog nie geregverdig nie. Hy moet ook vasbeslote wees om die skyn van nasionalisme te vermy. Hy moet ophou om die duiwel met Beëlsbul te probeer verdryf. Hy moet op sy hoede wees teen elke nuanse van onsuivere mededinging.”

Niks kan die geestesverwarring in die huidige Duitsland—en ook in ander dele van die Aandland—beter kenskets as die eis aan elke Wes-Duitser om 'n eed af te lê dat hy geen nasionalis is nie, en wat volgens Friedlaender ook nog nie genoeg is nie, daar die Adenauer-Duitser verder nog elke skyn van nasionale denke en doen moet vermy ten einde as goeie demokrate en Europeërs deur te kan gaan.

Ten aansien van hierdie geestesverwarring waarvolgens demokrate geen nasionaliste kan wees nie, en omgekeerd—hoe wel elke kind weet dat die Franse demokrate duisend maal meer nasionaal was en is as die ou Oostenrykse koningsgesindes—is dit nodig om eers die begrip te verklaar.

Wat is nasionalisme? Nasio-

nalisme is niks anders nie as die selfbewussyn van 'n volk. Sodra 'n volk van sy eie aard bewus word en die vervulling van sy eie aard as 'n deur God opgelegde taak aanvaar, spreek ons van 'n volk, net soos ons van 'n persoonlikheid praat sodra 'n mens hom bewus word

Deur dr. Otto Strasser

van sy eie aard en die vervulling daarvan beskou as 'n plig hom deur God opgelê. Baie volke kom nie tot hierdie rypwordingsgraad nie en bly maar volksversamelings. 'n Nasie is dus 'n volk wat deur geskiedkundige ervaring bewus geword het van sy eie aard, en nasionalisme is die begeerte om hierdie van God opgelegde eie-aard te ontwikkel.

GUN DIT VIR ANDER OOK

Hieruit blyk duidelik dat nasionalisme niks gemeen het met oorheersing of imperialisme nie, wat juis die onderdrukking van die nasionalisme van ander volke is. Hy wat die reg, of liever plig aanvaar wat God hom opgelê het, sal ook beseft dat elke ander nasie daardie plig het om homself te wees. As God net een volk wou skep, kon hy dit tog soveel makliker gedoen het! Die skepping van so 'n groot verskeidenheid volke en rasse, net soos die verskeidenheid diersoorte, is 'n daad van God ooreenkomstig Sy wil.

memo oor persoonlike keurigheid



Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

Wie teen hierdie verskeidenheid optree en hom vir 'n versmelting beywer, handel teen die wil van God en versondig hom aan die skepping. Dit is dan ook 'n bekende feit dat die godloënaars, die rasionaliste, liberaliste, vrymesselaars, Marxiste en kommuniste is wat hulle vir die uitwissing van die natuurlike ordening beywer. Hulle beveg die nasionalisme net soos hulle die persoonlikheid beveg en eis 'n „demokratiese” deursnee-mens van die wêreld-eenheidsoort, net soos hulle streef na 'n vervanging van die nasionale state deur 'n wêreld-eenheidstaat.

Hierdie anti-natuurlike, anti-goddelike strewe moet met alle mag beveg word. Net soos in die geval van persone het God aan elke volk bepaalde talente gegee waarmee hy 'n roeping moet vervul ooreenkomstig Sy wil, en dit is die plig van elke volk om daardie gawes te ontwikkel en sodoende die (onbekende) wil van God te volbring. Ons moet in elke mens en in elke volk die gelykberegtigde kind van God sien wie se besondere aard die wil van God is. Indien ons dan ons eie aard tot die beste ontplooiing bring, en daarby erken dat die ander mens of volk ook die plig het om sy eie aard te ontwikkel, dan respekteer ons die wil van God.

DIEPSTE INSTINK

Bewus of onbewus is dit die diepste instink van elke mens en elke volk. Toe genl. Eisenhower op 23 Junie die doel van die Amerikaanse beleid as volg saamgevat het: „Dit is duidelik dat ons beleid net soos in die geval van alle ander volke op ons eie belang gegrond is. Dit beteken dat hy elke stap wat ons doen, ons moet oorweeg of dit vir die Verenigde State gunstig is, of dit ons veiligheid bevorder en ons vrede,” het hy nie alleen ook die juiste antwoord op die heer Friedlaender se vraagstuk gegee nie, maar die weg aangedui vir alle volke, met inbegrip van die Duitse. Dit is die weg van nasionale belang, van nasionale selfbestemming.

Net die mens wat op die Friedlaender-vraag antwoord: „Ek is 'n nasionalis!” voldoen aan sy God vereiste roeping en hy alleen kan vriendskap wen by diegene wat dieselfde antwoord gee. Slegs in hierdie gees, die gees van wederkerige agting en erkenning kan 'n ware samewerking tussen mense en volke ontwikkel. Nie die uitwissing of gelykmaking van die verskillende menslike of volkspersoonlikhede is ons taak nie, dog die erkenning en harmonisering van die verskeidenheid met die wete dat dit die wil van God is, wat die verskeidenheid geskep het en juis deur hul verskeidenheid een groot harmonie in die skepping daargestel, wat ons steeds opnuut met verbasing bewonder. Eers wanneer die mens weer geleer het om te sê: Ek is 'n persoonlikheid, ek is 'n nasionalis, sal ons die kommunisme sy diepste wond toedien.

Kahn Onskuldig

Mnr. Sam Kahn is in die Kaapstadse magistratshof onskuldig bevind op aanklag dat hy 'n stadsraadsvergadering bygewoon het nadat hy 'n bevel kragsins die wet op onderdrukking van kommunisme ontvang het om geen byeenkomste by te woon nie. Die magistrat het bevind dat mnr. Kahn se bevel hom wel 30 dae tyd gegee het om uit die stadsraad te bedank, en gevolglik was hy nog lid en as sodanig kon hy dit dus bywoon.

TREE OP TEEN DIE PARTYPOLITIEK!

Mnr. M. C. Joubert, Mariba, Pk. Rayton, skryf:

Vernietig die partypolitiek! Dit is die oorsaak van die haat waaronder ons vandag gebuk gaan. Op listige wysige het dit daarin geslaag om vandag elke senuweesentrum van ons gemeenskapslewe te verlam, ons rede te verduister en logiese en intelligente denke onmoontlik gemaak. Dit het gevoelsdwe van ons gemaak. As Brittanje en ander dominiums daarmee wil voortgaan, kan ons hul vernietiging nie verhoed nie, maar ons kan ons eie stelsel hervorm en dit 'n oortreding maak vir iemand om 'n politieke party te stig. Ons moet 'n regering van beste manne hê deurdat elke kiesafdeling sy beste man na die volksraad stuur. Dan sal die tyd wat nou gemors word aan politieke twiste voordelig aangewend kan word vir die opbou van ons land.

Jong Suid-Afrikaners ken vandag niks anders as partypolitiek nie. Soos die stomme vertrapte Russe is hulle gelukkig omdat hulle van geen beter regering weet nie, en hulle stompel maar voort in onkunde en ellende.

Ontwaak, jong Suid-Afrika, en skud af hierdie draak! Kom saam met my en duiende ander wat moeg is vir die partypolitieke getwis en graag vooruitgang en vrede in alle afdelings van ons openbare lewe begeer. Ons kan uitbreek uit die papie deur met voorligting die mense te wys op die gevare en haat wat die partye veroorsaak wat net op een doel uit is en dit is die verowering van die bewind, waarna hulle dan die mag gebruik om hul wil op die weerlose volk af te dwing. In verkiesingstye word julle gedwing om soms vir 'n niksnuts te stem wat die party aan julle opdring—baantjies vir boeties, waardeer onbekwames in verantwoordelike posisies gedruk word.

Die ou Vrystaatse Republiek het 'n regering van beste manne gehad en toe lord Robbarts gedurende die Engelse oorlog oorgeneem het, het hy dit beskryf as 'n modelstaat wat deur die hele wêreld nagevolg kan word. Ons volk is 'n vryheids-liewende volk en sal die slawebande van die partypolitici weer van hom afwerp. Ons sal weer 'n modelstaat stig. Laat elke een wat hiermee wil help, onmiddellik begin en in sy kiesafdeling 'n beweging op tou sit vir die stelling van kandidate wat op hul eie verdienste gekies sal word. Tree op, en help om ons land te bevry van die partypolitieke juk!

Soos Ons Lesers Dit Sien

Uitlating van L.U.K. Betreur

Mnr. C. J. Vermaak, Rhodokop, Middelburg, Tvl., skryf:

Ek voel sterk gekant teen die houding van dr. Theo Wassenaar, L.U.K., omdat hy, blykens 'n uitlating van hom, die Jode omhels maar sy eie mede-Afrikaners vertrap. Waarom het hy hom nie aan die kant van mnr. P. A. Stoffberg, L.P.R. van Randfontein, geskaar nie—met wie ek heeltemal saamstem in sy uitlating oor die Jode. Deur sulke voormanne soos dr. Wassenaar word die Jode aangeemoedig om die Afrikaner verder uit te suig en te ondermyn. As dr. Wassenaar werklik onder daardie indruk is dat die Jode beter nasionaliste is as die Afrikaners, wil ek hom aanraai om nie die volgende verkiesing in die kiesafdeling Wonderboom te gaan staan nie. Sy Jode sal hom nie die oorwinning besorg nie.

Sou dit die rede wees waarom al ons geïnterneerde nie vergoeding ontvang nie? Dit is mos bekend dat die Jode grootliks agter die internerings van die Sappewind gesit het. Met hulle moet dus rekening gehou word en daarom word daar aan geen geïnterneerde boer vergoeding gegee vir wat hy verloor het nie. As die Nasionale Party meen dat die Jode se stemme die deurslag moet gee, dan betreur ek die volgende stryd wat op hande is.

Pierings Kan ook Stadig Ry

Vlieënde pierings het weereens in die nuus gekom toe die Verenigde State se lugmag bekend gemaak het dat daar voorverlede Saterdag tussen sewe en tien voorwerpe in die lug om middernag op die radar-toestelle waargeneem is. Hulle het teen 'n snelheid van tussen 130 en 150 myl per uur beweeg toe hulle ontdek is, en 'n vliegtuiglods is onmiddellik van hul teenwoordigheid in kennis gestel. Hy beweer dat hy hulle teengekom het, maar dat hulle toe teen 'n geweldige snelheid—„vinniger as verskietende sterre”—beweeg het.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huisoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

GEBOORTE

TRUTER.—Aan genl. en mev. J. D. de V. Truter van Kampsbaai, 'n Boerseun op 22 Julie in die Gilmore-verpleeginrigting. Ons is innig dankbaar. 30/7/18

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaanties, stookkaretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEMEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëte-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skiflers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skiflers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis. Oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, insluiting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B1/9/49

SIKTES en Kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besondere, raadpleeg Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

Beter Tabak * maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se gewildste sigaret

* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerste graadse tabak.

IMMIGRASIE-BELEID VAN UNIE BETREUR

Die eensydige immigrasiestroom uit Brittanje terwyl duisende Hollandse immigrante na ander dele van die Britse Ryk afgekeer word, het Die Transvaler, Nasionale Party-organ in Transvaal, tot 'n skerp protes teen die bestaande immigrasiebeleid uitgelok. Die blad het dit teen die „verroeste skarniere wat die Unie se poorte vir goeie Nederlanders gesluit hou,” en hy skryf:

„Haas geen ander volk in die wêreld staan so ernstig voor die probleem dat hy al sy burgers nie op die eie bodem 'n behoorlike bestaan kan bied as die Nederlandse nie. Emigrasie het vir Nederland 'n bittere noodsaaklikheid geword. Meer as 50,000 Nederlanders is tans elke jaar verplig om 'n nuwe tuiste elders in die wêreld te gaan soek.

„Dit is derhalwe gelukkig dat die Nederlanders, vanweë hul goeie karaktereenskappe en werkywer, sulke gewilde immigrante is. Daar is sekere lande wat eintlik onder mekaar wedywer om die stroom emigrante na hul kuste te keer. Kanada doen alles in sy vermoë om die getal Nederlanders wat hulle binne sy grense wil vestig, nog hoër te laat styg. Die Eerste Minister van Australië, Robert Menzies, was enkele weke gelede in Nederland, om meer immigrante te vra. Nieu-Seeland verklaar dat hy graag Nederlanders by die skeepvragte wil hê. Die gevolg van dit alles is dat duisende Nederlanders tans na hierdie lande verhuis. Binne 'n paar jaar sal die lande

die goeie vrugte van hul beleid pluk.

NET SPATSELS

„Hoe staan dit daarteenoor met die Unie? Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Nederlander wat aan emigrasie gedink het, meestal net sy oog op die Unie gerig gehad. Tans is dit nie meer die geval nie. Van die groot stroom Nederlandse emigrante ontvang die Unie jaarliks net 'n paar spatseeltjies. Die wins van Kanada, Australië en Nieu-Seeland is die verlies van die Unie. Manne en vroue wat goeie Afrikaners kon geword het, gaan nou goeie Kanadese, Australiërs, ens. word.

„Hierdie toestand van sake is werklik diep te betreur. 'n Mens stel dit dan ook geensins te sterk nie, wanneer beweer word dat die verlies van soveel duisende potensiële Afrikaners hom in die toekoms nog op die Unie sal wreke. Wanneer nou gevra word waarom so weinig Nederlanders na die Unie kom, terwyl hulle by die duisende elders heen gaan, kan daarop slegs een antwoord verstrekk word. Die Unie sit opgesaai met 'n immigrasiestelsel wat blykbaar eerder daarop ingestel is om Nederlanders te ontmoedig om hierheen te kom as om hulle aan te moedig om in die Unie 'n nuwe vaderland te gaan vind. Waarom 'n Nederlander wat na die Unie wil verhuis, dikwels meer as 'n jaar moet wag vir die nodige vergunning, terwyl 'n Nederlander wat elders heen wil gaan, binne enkele weke kan vertrek, is iets wat 'n mens maar nie kan begryp nie.

GROOT BEHOEFTE

„Die Unie het werklik groot behoefte aan Nederlandse immigrante wat hulle hier met die Afrikaner kan kom vereenselwig en wat so as versterking van die Afrikaanse volk kan dien. Daarom sal dit in die eerste plaas die Calvinistiese elemente van die Nederlandse volk wees wat aangemoedig moet word om hulle in die Unie te kom vestig. Niks behoort die Unie te verhinder om so 'n beleid te volg nie. Indien 'n land soos Argentinië ronduit verklaar dat hy slegs Rooms-Katolieke immigrante wil hê, kan die

Unie weer sorg dat hy net Protestant kry.

„Die verroeste skarniere wat die Unie se poorte vir goeie Nederlanders gesluit hou, moet vervang word deur ander wat die poorte sal laat oopgaan.” Tot! sover Die Transvaler.

SAKEMANNE KLA

Intussen het daar briewe in Die Burger verskyn waarin lesers, veral sakemanne, ernstige klagte opper teen die moeilikhede wat hulle ondervind het om Duitse vakmanne na Suid-Afrika te kry. Een sakeman het 'n hele register gepubliseer van sy pogings om 'n Duitse vakman hier te kry. Hy het hom persoonlik in Oktober 1951 gewerf, maar dit het 'n groot aantal briewe, kabelgramme en telegramme aan die outoriteite sowel in Pretoria as hul verteenwoordigers in Duitsland gekos voordat hy op 19 Julie 1952 in kennis gestel is dat alles nou gereed is vir die vakman se koms.

Hierdie ondervinding word bevestig deur 'n ander sakeman wat skryf dat hy dieselfde ervaring gehad het. Die aansoek is reeds verlede jaar in September in Duitsland ingedien, en ten einde raad het hy vier weke gelede aan min. Dönges 'n brief geskryf om na die oorsaak van die vertraging te verneem. Hy het gevra of die regering dalk ernstigke van die vorige regering het wat sake so bemoeilik, maar tot op hede het hy geen antwoord van die minister ontvang nie.

NUWE AFRIKA

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

sal wees, kan nie voorspel word nie, maar dit is moontlik dat hulle uiteindelik 'n federasie kan vorm met die blanke staat. Dit is ook moontlik dat 'n wyer Suid-Afrikaanse federasie tot stand sal kom tussen 'n groep blanke gemeenskappe aan die een en die Bantoe-gebiede aan die ander kant, met 'n groter federale band tussen die twee groepe.

„Met die nodige wysheid, insig en vasberadenheid kan die blanke bevolking van Suid-Afrika 'n groot en beslissende rol speel in die skepping van die Nuwe Afrika. Dis te hope dat ons nie in gebreke sal bly nie en dat ons spoedig tot die besef sal kom dat dit vandag die tyd is om hierdie besluit uit te voer en nie eers môre nie!”

(Die brochure is verkrygbaar by S.A.B.R.A., Posbus 238, Stellenbosch, teen 1s. 3d. per eksemplaar.)

Sap-Mans is in Vir 'n Ding!

'n Nuwe onaangenaamheid, wat veral die mans sal ontgeld, gaan deur die partypolitiek uitgeborei word indien die advies van 'n politiekbemoeide vrou algemeen aanvaar word. Die vrou is die eggenote van mnr. Abraham Jonker, parlamentslid vir Tuine, en haar aanbeveling is dat die huisvrou moet saamspan om die regering „uit te pruttel.” Hulle moet 'n veldtog van murmurering en gepruttel van stapel stuur wat „in 'n epidemie sal oorslaan.” „Ons moet pruttel oor die lewenskoste, die behuisingstekort, oor al die ekonomiese griewe waarmee 'n huisvrou deesdae bekend is, oor ondoeltreffende pos- en spoorwegdienste. Murmureer

(Vervolg in kolom 5)

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

„VROME” PRIESTER WAS SPIOEN IN VATIKAAN

Dat Moskou selfs daarin slaag om in die hoogste kerklike kringe sy spioene te plant, het onlangs aan die lig gekom in Rome toe een van die leidende priesters van die Jesuïete-orde by die Kommunistiese Party aangesluit het. Hierdie priester, „vader” Alighiero Tondi, blyk nou vir agt jaar lank 'n spioen te gewees het wat in Moskou opgelei is, en nou pad gegee het omdat agterdog in die Vatikaan ontstaan het na aanleiding van 'n ondersoek in verband met die verhoor van die Hongaarse kardinaal Mindzenty.

Dit blyk dat Tondi in die Lenin-universiteit opgelei is en 'n vriend was van die Italiaanse kommunistiese leier, Togliatti. Sestien jaar gelede het hy 'n skielike bekering geveins en later by die Jesuïete aangesluit waar hy weens sy buitengewone vroomheid spoedig verhef is tot 'n priester en later 'n professor. Tot op die dag dat hy wegge-loop het, het hy sy pligte met die grootste nougeseetheid uitgevoer. Maar intussen was hy steeds in regstreekse verbinding met Togliatti en 'n geheime lid van die Italiaanse Politburo, waartoe hy nou weer openlik „verkies” is.

AGTERDOGTIG

Tydens die verhoor van kardinaal Mindzenty het die Vatikaan agterdogtig begin word omdat dit duidelik was dat daar 'n verraaiersorganisasie binne die Vatikaan moet wees. Hoewel 'n ondersoek niks openbaar het nie, het dit nogtans so naby aan Tondi gekom dat hy besluit het om te laat vat. Die ondersoek, wat nog steeds voortduur, is nou op die spoor van nog meer spioene in die Vatikaan en

selfs van mense hoër op as Tondi.

Pouslike kringe is diep geskok omdat die kommuniste reg gekry het wat niemand voorheen as moontlik beskou het nie; spioene in die hoogste kerklike kringe.

(Vervolg van kolom 3)

net waar jy jou bevind — op die bus, in die trein, in die winkel, op tee-partye, in die poskantoor. Laat ons 'n sneeubal van ontevredenheid skep, en selfs al sou ons mans die hoenders in word, sal dit die moeite werd wees.” So lui hierdie huisvrou se advies op 'n taksvergadering van die Verenigde Party.

Van al die bese taktieke wat daar terwille van partypolitieke wins al uitgedink is, span hierdie een seker die kroon. Selfs Salomo het harde woorde kwytgeraak oor die gesanik van 'n vrou en Simson het vir die aanhoudende geneul van sy vrou so sat geword dat hy kon sterf. As die wyses en die sterkes nie daarteen bestand was nie, waar kom die gewone broodwinners dan by!

Arme Sap-mans!



„Ek kan die kwaliteit in elke trek proe, daarom rook ek Rembrandt!”

M. L. FERREIRA.

Een van die drie „Orinoco”-bekerwenners 1952—aldrie rook Rembrandt!



Kopiereg



DIE STEMPEL VAN UITKOMS

WANT BY SANLAM IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind — by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM



O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

Ons pryse—die billkste

Ons diens—die beste

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703

Kaapstad